# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**12 Februarie 2023**


## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:


- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**
**Afkondigings**
**Stilte**



**Erediens:**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 67-2:1,2,3
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Selfondersoek as voorbereiding vir nagmaal**
Nadink oor sonde: Matteus 22:37-40 en Psalm 38-1:1
Nadink oor vergifnis: Efesiërs 1:7-8 en Lied 245:1,2,3
Nadink oor dankbaarheid: Exodus 20:1-17



**Gebed**
**Skriflesing:** Exodus 16
**Sing:** Lied 275:1,4,5
**Fokus:** Matteus 6:11 en Heidelbergse Kategismus Sondag 50
**Preek:**
**Tema:** *Gee ons vandag ons daaglikse brood.*
**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Psalm 128-1:1,4
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3





**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Dankbaarheidsfonds.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 5
19 Februarie: Wyk 6
26 Februarie: Wyk 7



**TEE/KOFFIE NA DIE EREDIENS:**
Almal is welkom om na afloop van die erediens tee/koffie te drink. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BREË KERKRAAD VERGADERING MAANDAG 13 FEBRUARIE:**
Die Breë Kerkraad vergader Maandag 13 Februarie om 18:00 by die kerkgebou.

**OUDERLINGE VERGADERING MAANDAG 13 FEBRUARIE:**
Die ouderlinge se verslag vergadering vind Maandag 13 Februarie net na die Breë Kerkraad vergadering plaas.

**DIAKONIE VERGADERING MAANDAG 13 FEBRUARIE:**
Die diakens se vergadering vind ook Maandag 13 Februarie net na die Breë Kerkraad vergadering plaas.

**VOLGENDE SONDAG NAGMAAL:**
Ons vier DV volgende Sondag (19 Februarie) nagmaal.

**GEMEENTE-ETE MET NAGMAAL OP 19 FEBRUARIE:**
Wyk 1 (Marthie v. d. Schyff), Wyk 2 (Ina Labuschagne) en Wyk 3 (Wanda Wasmüth) is verantwoordelik vir die gaarmaak van die vleis en nagereg.
Elke gesin wat die ete bywoon, moet asseblief ’n slaai saambring. Julle moet julle eie eetgerei (sonder nagereg bakkies) en ietsie om te drink saambring. Die ete begin om 11:30. Die kostes beloop as volg: R50 vir volwassenes en kinders ouer as 12 jaar. R30 vir skoolgaande kinders jonger as 12 jaar. Kleuters en peuters eet gratis.
Die getalle van die lidmate wat die ete bywoon moet vandag (12 Februarie) by die wyksusters bevestig word, sodat die nodige aankope gedoen kan word. Spesifiseer asseblief die hoeveelheid, asook die name van volwassenes en kinders (ook ouderdom) wat die ete wil bywoon.

**GEBEDSVERSOEKE:**
Die Vlamvat span wil graag die gemeente se aandag vestig op die bussies vir

gebedsversoeke wat by die deure van die kerk en by die teedrinkplek geplaas is. Die Vlamvat span versoek graag alle lidmate om gebedsversoeke in die bussies te plaas hetsy vir 'n saak, 'n persoon se nood, vir siekte of wat ook al. Daar sal dan werk gemaak word van die versoeke wat ontvang word.



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 18 Februarie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 12 Februarie | Tilla Volschenk | 076 096 3907 |
| 14 Februarie | Janet De Ru | 081 882 9750 |
| 16 Februarie | Cindy Mulpeter | 082 857 1452 |
| 16 Februarie | Maryna Steyn | 072 053 3359 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Sr. René van der Walt (083 309 9519) is steeds baie siek en in Bloemfontein Medi-Clinic. Daar is ’n nuwe spesialis wat van Woensdag af aan haar diarree probleme aandag gee. Verder het die bloedings op die brein volgens die laaste CT skandering kleiner geword. Ons bede is dat al die mediese behandeling die nodige vrugte mag afwerp. Ons dink ook in ons gebede aan haar man, br. Wallie (083 635 3727), vir wie dit swaar is om haar so siek te sien.
- Br. Piet van der Linde (073 225 4632) was in die hospitaal weens galstene. Hy gaan Vrydag vir verdere ondersoek met die oog op die uithaal van sy galblaas die week daarna. Ons bede is dat alles goed mag afloop en br. Piet verligting sal kry van die ongemak en pyn wat hy verduur.
- Br. Kobus Spruew (082 447 8165) gaan Dinsdag vir ’n rugoperasie. Ons bede is dat die operasie goed mag afloop en br. Kobus verligting sal kry van die ongemak en pyn wat hy verduur.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.

# Net 'n Gedagte

**DIE vrees van die HERE is  
die beginsel van die kennis;  
sotte verag wysheid en tug.**

***~ Spreuke 1:7 (Ou vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

***Kontaknommers en besonderhede:***
*Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)*
*Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)*
*Attes Skriba:*
*Koster: Flip Kotze (083 388 0249)*
*Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)*
*Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)*
*Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)*
*Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)*
*Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)*

***Facebook:*** https://www.facebook.com/profile.php?id=100089016565341
***Epos:*** *gkwelkom@telkomsa.net*
***Webbladsy:*** *www.gkwnoord.weebly.com*

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Die Bybel

**7 In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade, 8 wat Hy oorvloedig aan ons geskenk het, saam met alle wysheid en insig.**

***~ Efesiërs 1:7-8 ~***

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**GEREFORMEERDE KERKE**
**IN SUID-AFRIKA**